

FAQ – Digitale platform

Wat is die digitale platform?


'n Skakel vanaf die webblad (Voortrekkerloopbaan) gee toegang tot die digitale platform. Registrasie (skep van 'n rekening) is nodig vir toegang. Die platform het 'n wye verskeidenheid van funksies – dokumentasie kan afgelaai word, daar is geleentheid vir terugvoer oor kursusse, oplaai van opdragte, e-leer, hiperskakels na webblaaie, vasvraes, aanlyn skryf van vraestelle (PV-vraestel), deelneem aan forums ens.

Watter sagteware word gebruik?

Die digitale platform is geskep in *Moodle*. *Moodle (modular object-oriented dynamic learning environment)* 'n geïntegreerde oopbron leeromgewing wat ontwerp is vir opvoeders, leerders en administrateurs. *Moodle* is gratis en geen lisensie-gelde is nodig nie. Dit is 'n betroubare leerplatform met meer as 90 miljoen gebruikers wêreldwyd.

Waar kry ek dit?

Gaan na die Voortrekkers se webblad: <https://voortrekkers.co.za/>. Kies Voortrekkerloopbaan.



Hoekom die digitale platform?

Ons leef in 'n digitale era. Die digitale platform is 'n baie **veelsydige, buigsame, aanpasbare** platform. Dit is maklik om te gebruik - vir die administrateurs asook vir die gewone gebruiker.

Vir wie is dit?

Dit is vir alle lede van die Voortrekkers – offisiere, PD's en Verkeners. **Dit is dus nie net vir offisiere nie.**

Watter voordele is daar?

Die sagteware is gratis en die program werk op 'n **rekenaar** en 'n **selfoon**. Voortrekkers kan toegang tot verskillende afdelings kry. Verskillende mense kan ook toegang verkry om data op te laai. Dit is 'n dinamiese platform. Ons wil hê dat die Voortrekkers 'n deel-gemeenskap word. Daar moet dus gereeld nuwe idees, spanaktiwiteite, vasvraes, kentekeninligting-aanbiedings ens. gelaai word. Die spanoffisier kan dit dan gebruik of verander soos wat hy/sy wil. **Dink net hoe wonderlik dit sal wees, as jy 'n kenteken wil aanbied en iemand het klaar die hele kenteken se inligting uitgewerk. So help ons mekaar.**

Wat is nuut (anders)?

Die aanlynleer het geskuif na hierdie platform. Volwassenes kan enige module van enige kursus doen. Vir elke module voltooi kry die kursuganger 'n digitale kenteken. Daar is ook videos en nuwe aktiwiteite gelaai.

Daar is ook 'n afdeling waar volwassens inligting oor kursusse kan kry (Algemene inligting: Kursusse) en terugvoer gee oor enige opleiding in die Voortrekkers.

Verkeners sal hulle graadwielopdragte kan oplaai. Daar is ook 'n kenteken **Kerkjaar** wat hulle aanlyn sal kan doen. Die idee is om dit uit te brei na meer kentekens. Dit is nie altyd moontlik vir Voortrekkers om gebiedskampe en kentekendae by te woon nie. Hierdie afdeling gee vir Verkeners geleentheid om die kentekens aanlyn te voltooi.

Daar is 'n aparte afdeling vir kursusaanbieders. Al die kursusaanbieders in die Voortrekkers kry toegang tot hierdie afdeling. Alle kursushandleidings, aanbiedings, opdragte ens. kan hier afgelaai word.

PD's en Verkeners: Daar is heelwat idees van offisiere ontvang wat afgelaai kan word. Daar is ook skakels na videos.

Wie het toegang?

Slegs Voortrekkerlede het toegang. Toegang word verkry deur 'n rekening te skep. Die gebruiker kan daarna aandui tot watter afdelings hy/sy toegang wil hê. Die administrateur bevestig die toegang tot elke afdeling waarop die gebruiker gekliek het.

Hoekom is registrasie nodig?

Die belangrikste is, vir Internet-sekuriteit. Vir die aanlynleer is dit nodig dat daar rekord gehou word van wie is ingeskryf vir watter kursus sodat die kursusaanbieders die vordering kan monitor.

Kan ek na enige afdeling gaan?

Die administrateur gee toegang tot die afdelings waarvoor jy aansoek doen.

Wat is daar beskikbaar?

Die volgende afdelings is beskikbaar:

- Verkenners (vir Verkenners)
- Penkoppe en Drawwertjies (vir graad 6 en 7 PD's)
- Offisierehulp (vir offisiere – hier is al die graadwielboeke, kentekeninligting, idees vir aanbiedings ens.)
- Offisiere Opleiding (vir aanlynleer en kursusaanbieders)

Hoe kan ek 'n bydrae maak?

Stuur enige idees of hulpmiddels na karin.stoffberg1@gmail.com.